17

Respek, gesag en waarheid

ONS DOELWIT

Die jongmense moet begelei word om eerlik, beleef en onderdanig te gaan lewe.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die jongmense moet weet –
- wat waarheid is;
- wat ware gesag is;
- dat gesag as invloed beter is as dwingende mag;
- dat ware gesagdraers gerespekteer moet word;
- dat gesag en orde van God af kom;
- wie ware gesagdraers in die samelewing is;
- dat gesagstrukture belangrik is vir 'n ordelike samelewing;
- dat daar 'n verskil is tussen mag en gesag; en
- dat gesagdraers 'n invloed op ander mense het.

Gesindheid

Die jongmense moet –
- bereid wees om eerlik te lewe;
- agting en respek vir ware gesag en gesagdraers hê;
- dankbaar wees vir gesag en gesagdraers; en
- gesagsposisies waardig wees.

Vaardigheid

Die jongmense moet –
- in staat wees om te onderskei tussen mag en gesag;
- begelei word om gesagdraers te evalueer; en
- begelei word om gesagdraers te respekteer.

EK BREI MY EIE KENNIS UIT

As ons 'n ordelike lewe wil lei, is dit noodsaaklik dat daar gesagstrukture bestaan. Dit is waarom mense in gesagsposisies aangestel word.

Die Bybel leer ons dat God 'n God van orde is. By die skepping het God gereël dat daar orde moet wees. Toe Hy die mens oor sy skepping aanstel, was dit sy bedoeling dat die mens dit ook ordelik sal doen. Hulle moes die wêreld bewerk, bewaak en daaroor heers. Die doel was dat daar orde in die skepping moes wees. Om hierdie opdrag van God uit te voer, het gesagstrukture tot stand gekom.

Bogenoemde veronderstel dat mense gesag oor mekaar moet uitoefen. Die vraag is hoe gesagdraers hul opdrag moet uitoefen. Jesus het in hierdie verband 'n baie goeie voorbeeld kom stel. Die mense van sy tyd was baie verbaas omdat Jesus hulle geleer het soos 'n man met gesag en nie soos die skrifgeleerdes nie (Matteus 7: 29). Die skrifgeleerdes het uit die hoogte reëls en gebruike op mense afgedwing. Jesus het leiding gegee eerder as om te beveel.

Ons kan twee maniere van gesagsuitoefening van mekaar onderskei. Die een is om gesag as 'n soort mag oor ander uit te oefen. Die ander manier is om gesag as invloed uit te oefen.

Die eerste een: Sodra iemand *beveel* word om iets te doen, dan het ware gesag in mag verander. Gesag wat in mag verander het, is om iemand te dwing of te dreig om iets te doen. Gesag in die sin van mag móét gehoorsaam word. *Nee* bestaan nie as 'n antwoord nie. Onverdraagsaamheid loop hier hand aan hand met gesag. *Jy sal! Jy het nie 'n keuse nie!* Gesag as mag setel in posisie en magsmiddels, byvoorbeeld wapens en strafmaatreëls. Daarom kan jy vir iemand wat gesag afdwing, net vrees hê.

Die tweede een: Sodra gesag as invloed gestalte kry, word niks afgedwing nie; daar word eerder by iemand iets aanbeveel, of iemand word daarvan oortuig om iets te doen of dit te laat staan. Gesag as invloed plaas jou voor 'n keuse en is dus verdraagsaam. Dit stem jou eerder positief en maak jou opgewonde oor iets wat gedoen moet word. Dit wek entoesiasme. Gesag as invloed setel in persoonlikheid en in 'n persoon se karakter en voorbeeldige optrede, en het daarom baie met vertroue te make. Omdat jy iemand ag en vertrou, is jy geneig om na die persoon te luister. Iemand wat werklik gesag uitoefen, het ontsag vir mense.

In Jesus se tyd het die skrifgeleerdes hul gesag in die sin van mag uitgeoefen. Hulle het afgedwing. Hulle het aan mense wette en regulasies voorgeskryf vir hoe om te leef. Voorbeelde hiervan is dat 'n mens gedwing is om jou hande voor ete te móét was – anders kan jy nie hemel toe gaan nie; wat 'n mens op die sabbatdag mag doen en nie mag doen nie – anders kan jy nie hemel toe gaan nie; hoe en wanneer 'n mens moet bid – anders kan jy nie hemel toe gaan nie, ensovoorts. Sodoende het hulle mense onder druk geplaas om hul eie soort godsdiens te bedryf en het hulle verwag om blindelings gehoorsaam te word. Dié wat nie volgens hul wette en regulasies geleef het nie, is byvoorbeeld uit die sinagoge geban.

Jesus volg egter 'n ander pad. Hy sê vir mense: *Volg My!* Hy sluit nie mense wat sogenaamde slegte lewens gelei het uit omdat hulle *anders* gemaak het nie. Hy knoop eerder gesprekke met sulke mense aan. Hy praat met die Samaritaanse vrou al is sy 'n Samaritaan, *deel van 'n onsuiwer ras,* 'n verworpeling. As gevolg van Jesus se gesprek met haar, glo sy in Hom. Jesus gesels tot diep in die nag met die Fariseër Nikodemus, en hierdie gesprek maak ook van Nikodemus 'n volgeling. Jesus het mense deur sy lewe beïndruk en hulle oortuig dat hulle Hom kan vertrou. Dan het hulle Hom uit eie vrye wil gevolg.

Vir gelowiges is God die belangrikste Een wat sekere mense in gesagsposisies oor ander mense plaas. Hy doen dit met die bedoeling dat hulle gesag sal *uitoefen* en dit nie sal *afdwing* nie.

Gesag is nodig as ons ordelik en in vrede wil leef. Almal wat onder gesag as invloed leef, moet dankbaar en bly wees daaroor. Ons is Christene. Ons moet respek betoon teeoor ware gesagdraers. Kinders moet hul ouers respekteer, leerders hul onderwysers, burgers hul owerhede, ensovoorts.

Dit is ook belangrik dat gesagdraers altyd hul gesag waardig moet wees en altyd so moet optree dat mense vir hulle agting en respek sal hê, en hulle gewillig aan die gesagdraers sal onderwerp.

EK SPRING SELF AAN DIE WERK

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

IN DIE GROEPBYEENKOMS

WAT KAN HULLE VAN VERLEDE WEEK ONTHOU EN WAT HET HULLE GEDOEN?

- Kontroleer of hulle by www.nhka.org na inligting oor die tema gesoek het.
- Neem ’n paar boeke in en lees wat daarin staan by die vorige aanbieding se RADIKALE DISSIPELSKAP oor die erediens, sonder om te sê uit wie se boek jy lees.
- Onthou om hierdie antwoorde met die predikant te deel.
- Vra rond of hulle die volgende gaan doen het:
  - Het hulle en hul ouers gesels en opgelees oor saamblyverhoudings voor die huwelik?
  - Het hulle hulself weer gaan vergewis van die feite oor seks voor en buite die huwelik?
- Skep ’n geleentheid ná die byeenkoms indien daar van hulle is wat met jou of iemand anders oor hierdie saak gesprek wil voer.

VANDAG GAAN ONS DIE VOLGENDE ONS EIE MAAK

BEGIN SO

- Vra die volgende vrae en hou informele debat daaroor.
  - Is daar dinge wat ons instinktief doen omdat niemand hoef te sê dat ons dit moet doen nie? *(Ja, ons moet asemhaal om te bly lewe. Niemand hoef ons te sê om dit te doen nie en ons hoef nie te onthou om dit te doen nie – dit kom sommer vanself.)*
  - Is daar dinge wat ons moet doen omdat dit goed is vir ons en wat ons maklik aanleer? *(Ja, ons moet elke dag ons tande borsel. Ons moes as klein kindertjies geleer word om dit te doen, maar ons doen dit maklik, want niemand wil sonder tande deur die lewe gaan nie.)*
  - Is daar dinge in die lewe wat ons moet doen, omdat iemand in ’n gesagsposisie besluit het ons moet dit doen? *(Ja, ons moet skooldrag aantrek sodat slordigheid bekamp kan word en die skool se kinders tussen ander skole se kinders uitgeken kan word. Ja, ons mag ons motors op sekere plekke nie parkeer nie, want dit belemmer ander padgebruikers se uitsig en stel dus lewens in gevaar.)*
  - Is daar dinge wat ons nie moet doen nie? *(Ja, ons moenie ander mense aanrand nie, want dan gaan ons tronk toe.)*

- Is daar party dinge wat makliker is om te doen as ander? *(Ja, ons weet ons moenie aan die verkeerde kant van die pad ry nie, want ons wil nie 'n ongeluk veroorsaak en doodgaan nie. Maar ons vergeet soms te maklik om ons motor se flikkerligte te gebruik as ons draai.)*

- Vat soos volg saam:

  Die moets en moenies van die lewe is daar om die lewe ordelik te laat verloop en om te kéér dat alles in 'n groot deurmekaarspul ontaard. Om die moets en moenies te gehoorsaam, is om eerbied te hê vir die gesagstrukture wat die reëls daargestel het. Dit kan ons ouers wees wat reëls maak in die huis, dit kan die skoolreëls wees wat ons moet gehoorsaam, dit kan die landswette wees wat ons moet eerbiedig.

WAAROP VAL DIE KLEM VANDAG?

Lees EK BREI MY EIE KENNIS UIT hierbo vooraf deeglik deur en gebruik die onderstaande om te verduidelik waarom daar reëls en orde moet wees.

Waarom orde?
- Om rustig en gelukkig te lewe, moet daar orde wees.
- Om orde te beleef, moet daar gesagstrukture bestaan.
- Om gesagstrukture te handhaaf, moet mense in gesagsposisies aangestel word.

Wat is gesag?
- Twee vorms van gesag kan onderskei word:
  - Gesag as 'n soort mag.
  - Gesag as invloed.

Gesag as mag
- Iemand word –
  - *beveel* om iets te doen; of
  - gedwing of gedreig om iets te doen.
- Mag móét gehoorsaam word.
- *Nee* bestaan nie as 'n antwoord nie.
- Onverdraagsaamheid lê ten gronde daarvan: *Jy sal! Jy het nie 'n keuse nie!*
- Mag setel in wapens en strafmaatreëls.
- Mag boesem vrees in.

Gesag as invloed
- Niks word afgedwing nie.
- Dinge word aanbeveel.
- Iemand word oortuig.
- Berus op keuses.
- Is verdraagsaam.
- Dit stem positief, maak opgewonde en wek entoesiasme.
- Dit setel in persoonlikheid, karakter en voorbeeldige optredes.
- Dit skep vertroue.
- Dit berus op ontsag en wek ontsag.

Orde en reëls in die Bybel

- God het by die skepping *gereël* dat mense die aarde moet bewerk, bewaak en daaroor heers.
- Hierdie *reël* moes *orde* in die skepping bring.
- *Reëls* en *orde* vereis gesagstrukture.
- Jesus kom gee *leiding eerder as* om soos die skrifgeleerdes uit die hoogte te *beveel.*

Voorbeelde uit die Bybel

- Die skrifgeleerdes het hul mag *afgedwing* deur te *eis* dat mense –
  - op sekere tye en op sekere maniere moet was, anders kan jy nie hemel toe gaan nie.
  - op die sabbatdag sekere dinge mag doen of nie mag doen nie, anders kan hulle nie hemel toe gaan nie.
  - op sekere maniere op sekere tye moet bid, anders kan hulle nie hemel toe gaan nie.
  - volgens hul wette en regulasie moes leef, anders is hulle uit die sinagoge geban.
- Jesus het 'n ander pad gevolg deur –
  - mense wat deur die samelewing uitgestoot is, nie uit te sluit en te veroordeel nie, maar hulle te inspireer om Hom op die regte pad te volg.
  - gesprekke met sulke mense aan te knoop en aan hulle leiding te gee.
  - Hom met 'n Samaritaanse vrou te bemoei al was sy *deel van 'n onsuiwer ras* en haar so tot geloof in Hom te lei.
  - met die Fariseër Nikodemus te gesels en hom 'n volgeling te laat word.
  - mense deur sy lewe te beïndruk en hulle te oortuig dat hulle Hom kan vertrou en volg.

God as die belangrikste opdraggewer

- Vir gelowiges is God die belangrikste Een wat sekere mense in gesagsposisies plaas.
- God verwag van gesagdraers om –
  - gesag *uit te oefen* en dit nie *af te dwing* nie;
  - gesag *waardig* te wees;
  - so op te tree dat dat mense vir hulle *agting en respek* sal hê; en
  - so op te tree dat mense hulle *gewillig sal onderwerp*.

ONS BESPREEK EN SKERP IN WAT ONS VANDAG GELEER HET

- Skerp die feite in deur informeel debat te voer oor die onderstaande stellings.
- Gee soveel moontlik van hulle geleentheid om deel te neem aan die debat.
- Lei die gesprek in die rigting van die onderstreepte gedeelte nadat die meeste hul mening gegee het.

Kies die regte woord of sinsnede

- Om rustig en gelukkig te lewe, *moet daar mense wees wat reëls maak en orde handhaaf OF kan almal maak soos hulle graag wil.*
- Vir kinders van die Here is gesag om *met mag en mening jou sienswyse af te dwing OF invloed uit te oefen.*
- As jy die regte resultate wil kry, moet jy *iemand dreig en dwing met wapens en strafmaatreëls OF aanbeveel, oortuig, keuses oorweeg en verdraagsaam wees.*
- *"Jy het nie 'n keuse nie! Jy sal hierdie opdrag uitvoer!" OF "Ek weet jy kan hierdie opdrag uitvoer. Kom ons kyk wat word van jou verwag."*
- *As jy iemand bang maak met strafmaatreëls OF as jy vertroue skep en ontsag wek deur 'n goeie voorbeeld te stel* gaan jy die beste resultate kry.

- *God het by die skepping "gereël" dat ons die aarde moet bewerk, bewaak en daaroor heers OF God het by die skepping vir ons die aarde gegee en ons kon daarmee maak net wat ons wil – 'n mens wil mos nie gebind wees met reëls nie.*
- Jesus het *soos die skrifgeleerdes uit die hoogte wette en reëls afgedwing OF leiding kom gee en mense met gesprekke en gelykenisse kom oortuig wat reg en verkeerd is.*

Waar of vals

- Die skrifgeleerdes het hul mag *afgedwing* deur te *eis* dat mense op sekere tye en op sekere maniere moet was anders kan hulle nie hemel toe gaan nie. *(Waar. Die Skrifgeleerdes het gedink 'n mens kan deur getrou en gedwonge sekere dinge te doen, vir jou 'n plek in die hemel verwerf.)*
- Jesus het saam met die skrifgeleerdes mense wat deur die samelewing uitgestoot is, uitgesluit en veroordeel, want alle reëls is gemaak om gehoorsaam te word. *(Vals. Jesus het kom leer dat alle mense vir God aanvaarbaar is en nie net dié wat aan sekere mensgemaakte reëls getrou is nie.)*
- God verwag van mense wat Hy in gesagsposisies geplaas het om –
  - hul gesag af te dwing. *(Vals. God verwag dat gesag met respek uitgeoefen word.)*
  - hul gesag waardig te wees. *(Waar. 'n Gesagdraer kan nie 'n skurk en bedrieër wees en dink hy kan as God se gesagdraer optree en dat mense vir hom respek sal hê nie.)*

IETS OM IN DIE KLAS TE DOEN

- Hou die volgende feite aan hulle voor voordat hulle die volgende oefening doen:
  - God se reëls, die tien gebooie, oefen gesag uit, want dit word uit liefde gegee met liefde as doelwit.
  - God het eers sy liefde bewys voordat Hy liefde verwag – die tien gebooie begin met *Ek is die Here jou God, wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, gelei het.*
  - God se reëls is nie "moets" en "moenies" nie, maar liefdesreëls van 'n Vader wat sy kinders liefhet en hulle gelukkig wil sien.
- Verdeel die klas in groepe.
- Verdeel die gebooie onder die groepe.
- Laat hulle dit saam-saam positief verwoord soos aangedui in die skema hieronder en dit in hul boeke neerskryf.
- Wys hulle daarop dat die tien gebooie die minimum sê maar die maksimum omvat, byvoorbeeld: *Jy mag nie moord pleeg nie* gaan nie net oor iemand vermoor nie, maar beteken ook dat ons respek vir lewe moet hê – ander mense se lewens én ons eie lewe.

MY OMGEKEERDE TIEN GEBOOIE

Jy mag nie steel nie

Omdat U my Here is en my liefhet,
wil ek ander mense se eiendom respekteer,
hulle geleentheid bied om ook te besit
wat ek myself toe-eien, ensovoorts.

My omgekeerde tien gebooie

1. *Jy mag geen ander gode naas my hê nie.*
   Omdat U my Here is en my liefhet, wil ek U alleen aanbid, my tyd en geld aan U wy, ensovoorts.

2. *Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak... jy mag hulle nie vereer of dien nie.*
   Omdat U my Here is en my liefhet, wil ek U aanbid soos die Bybel my leer om te doen, meer van U leer en U aanbid soos U is, ensovoorts.

3. *Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie.*
   Omdat U my Here is en my liefhet, wil ek u Naam oral in ere hou, ensovoorts.

4. *Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou.*
   Omdat U my Here is en my liefhet, wil ek elke Sondag doen wat U van my verwag, ensovoorts.

5. *Eer jou vader en jou moeder.* (Onthou, die gebod word omgekeer.)
   Omdat U my Here is en my liefhet, wil ek nie ongehoorsaam aan my ouers wees nie, nie met 'n dikmond rondloop nie, nie ondankbaar wees vir wat hulle my gee nie, ensovoorts.

6. *Jy mag nie moord pleeg nie.*
   Omdat U my Here is en my liefhet, wil ek respek hê vir lewe – ander mense se lewens én my eie lewe.

7. *Jy mag nie egbreuk pleeg nie.*
   Omdat U my Here is en my liefhet, wil ek my huwelik waardeer, positiewe aandag gee aan my huweliksmaat, ensovoorts.

8. *Jy mag nie steel nie.*
   Omdat U my Here is en my liefhet, wil ek ander mense se eiendom respekteer, hulle geleentheid bied om ook te besit wat ek myself toe-eien, ensovoorts.

9. *Jy mag nie valse getuienis teen 'n ander gee nie.*
   Omdat U my Here is en my liefhet, wil ek altyd net die waarheid praat, mooi dinge en goeie dinge van ander vertel, ensovoorts.

10. *Jy mag niemand anders se huis, vrou, slaaf, slavin, bees of donkie begeer nie.*
    Omdat U my Here is en my liefhet, wil ek waardeer wat U my gegee het, dit wat aan ander behoort vir hulle gun, ensovoorts.

HIERDIE WEEK IN HUL WÊRELD

RADIKALE DISSIPELSKAP

- Laat hulle by www.nhka.org gaan kyk vir meer inligting oor die tema.

- Laat hulle met die volgende erediens gaan neerskryf wat daarvan hul lewens aangeraak het.
- Laat elkeen hom of haar voorstel as die hoof van die hoërskool.
- Laat hulle *Vyf gebooie vir selfoongebruik op die skoolterrein* gaan opstel.
- Hulle moet sê wat leerders mag en nie mag doen nie, maar elke keer 'n *omdat-gedeelte* byskryf sodat die leerders kan verstaan hoekom hulle dinge mag doen of nie mag doen nie.
- Ek skerp myself op en leer weer die tien gebooie uit my kop.

BELANGRIK

- Die jongmense moet seker maak dat hulle met elke aanbieding hul Bybels saambring.
- Kyk vandag reeds wat jy vir die volgende aanbieding nodig het en wat jy moet voorberei.

AFSLUITING

Sluit af met Gesang 249: 9 as gebed.

Deur u volmaakte wet, o Here,
ontdek ons steeds ons sondigheid;
u Gees bring ons die heil in Christus
dat ons kan leef uit dankbaarheid. Amen.